Verbreed jou kennis sodat jy beheer kan neem van jou eie gesondheid!

(Praatjie van Dr C H Marais vir Radio Kansel)

Dit het alles begin met die vraag: *"Wat kan ek doen om inligting te deel met my medemens sodat hulle ingeligte besluite kan neem om daardeur hul eie gesondheid te verbeter deur self hul liggame te kan genees van siektes en gesondheids toestand?"*

Biochemie het die deur in 'n mate geopen maar was relatief beperk in die vroeë 70's as ek nou terug kyk. Die ontdekking van glukonutriente (in die middel 80's) en hul funksie in die liggaam het egter die deur groter begin oopgemaak in die gesondheids wêreld, selfs met die weerstand wat ander gesondheids (siekte) industrieë bied.

Die samestelling van die Gesondheids Kontinuum gee mens 'n breër insig van hoe die siektes en gesondheid bedrywe inpas by die siekte (Illness) en gesondheids (wellness) sisteme.



Aan die linkerkant van die neutrale punt vind ons die siekte industrie, met miljoene Rande wat daarheen vloei. Aan die regterkant vind ons die gesondheids industrie, waar mense self beheer neem van hul eie basiese gesondheid deur bewustheid en waarneming en kennis vermeerdering. Die meeste kennis word verkry vanuit oorlewering en bestudering van kulture wat 'n meer plantaardige lewens styl toepas of toegepas het en gevolglike laer voorkoms van siekte toestande beleef.

Redelik onlangs het die Gesondheids Industrie eers begin om die publiek in te lig omtrent die feit dat mens self beheer moet neem.

Reëls en regulasies verander gereeld om daardeur die siekte industrieë te beskerm. Reëls en regulasies word saamgestel sodat enige middel wat siekte kan beheer of kan verbeter geklassifiseer kan word as 'n medikasie "Drug". As gevolg van hierdie reël mag jy as persoon nie sê voedsel kan of het jou gesond gemaak nie. Daarom dan ook die uitgangs punt van sommige medisie dat voedsel niks met jou gesondheid iets te doen het nie. Die verantwoordelikheid is egter ons eie soos gemeld in The Amplified Bible Prov 18v9b ***"…he who does not use his endeavours to heal himself is brother to him who commits suicide."***

Ons liggaam is deur ons Skepper geskep en ontwerp om sy eie gesondheid te herstel, al wat ons moet doen is om die liggaam te voorsien van essensiële en natuurlike voeding stowwe soos die liggaam dit benodig. Huidiglik word al meer siekte toestande gevind wat kenmerkend is van die moderne dieet. Minder en minder organiese (nie geneties gemanipuleerde soorte) vrugte, groente, bone en graan soorte is deesdae beskikbaar in die mark.

Thomas Edison (1847 – 1931) het egter die volgende voorspelling gemaak; ***"The Doctor of the Future will give no medicine, but interest his patients in the care of the human frame, in diet and the cause and prevention of disease."***

Al meer publikasies sien deesdae die lig, soos die publikasie van die nuwe studie tov "***Transforming Glycoscience A Roadmap for the Future"***

Ek haal aan;

> 'A new focus on Glycoscience, the field explores the structures and functions of sugars, it promises great advances in areas as diverse as medicine, energy generation, and materials science. Glycan's — also known as carbohydrates, saccharides, or simply as sugars—play central roles in many biological processes and have properties useful in an array of applications. However, glycan's have received little attention from the research community due to a lack of tools to probe their often complex structures and properties. The committee involved with the research prior to the publication also find that, glycan's, are directly involved in the etiology of every major disease.'

Die ontdekking van hoe sekere genaamde 'suikers' bind aan proteïne of vette op die oppervlak van selle wat dit instaat stel om sekere funksies uit te voer wat krities is vir die voortbestaan van selle en ook vir die kommunikasie tussen selle word beskou as ontwrigtings tegnologie, die voorspelling is dat dit 'n triljoen Dollar besigheid gaan ontgin en blootlê. Dit het waarde gegee aan die woorde van Paracelsus (1483-1541) **"All that man needs for good health and healing is provided by God in nature; the challenge to science is to find it."**

Ook het navorsing sekere 'phytochemicals' se werking in plante ontdek. Hierdie PhytoChemiese stowwe help die plante om hulself te beskerm teen natuurlike omgewings uitdagings soos swamme, bakterie en ander peste. Volgens navorsing wat gedoen is by die Universiteit van California is gevind dat dit verantwoordelik is vir ons as mens se beskerming teen meeste van die siekte toestande, indien 'n dieet gevolg word wat ryk is aan vrugte, groente, boontjies, graansoorte en plant gebaseerde dranke.

Dan Burke, (Toxicologist and Pharmaceutical Metabolism Professor by die University van Aberdeen) ontdek die teenwoordigheid van 'n spesifieke ensiem CYP1B1 wat net teenwoordig is in kanker selle, dit kom glad nie voor in enige ander selle nie. Tydens sy navorsing om 'n sintetiese middel te ontwikkel wat kanker selle vernietig sonder om gesonde selle te affekteer ontdek hy 'n samestelling in plante wat net dit doen. Dit kom voor in plante en vrugte. As 'n navorser wat alreeds meer as 30 jaar navorsing doen op kanker het hy besef dat hy op iets besonders afgekom het.

Dan Burke en sy kollega Gerry Potter (Prof in Mediese Chemie) wat ook baie ondervinding en kennis het in die ontwikkeling van teen kanker middels het dadelik verdere navorsing begin doen. Die 2 wetenskaplikes het tot op die punt gekom waar die chemiese struktuur van die 'pro-drug' wat die CYP1B1 ensiem aktiveer aan hulle bekend was. As gevolg van die koste implikasie het die universiteit dit toe verkoop aan 'n farmaseutiese firma om dit verder te ontwikkel.

Die tyd wat dit neem om medikasie te formuleer en te laat goedkeur het Potter verder laat werk daaraan. Sy teorie, dat enige ensiem wat in 'n sel voorkom 'n aktiveerder moet hê wat in natuurlike voedsel voorkom is verder ondersoek. Hy vind dit toe in rooi wyn en voedsel waar dit dien as 'n natuurlike antifungiese verdedigings meganisme in appels, blueberries, druiwe, lemoene, avokado's en broccoli. Hy ekstra-eer die produk vanuit die plante (gee dit 'n spesifieke naam ons noem dit sommer 'Produk') en vind dat dit 75% van kanker selle (wat 'n sellulêre siekte is) dood en niks van die gesonde nie kanker bevattende selle nie.

Van die 'Produk' wat onttrek is uit voeding stowwe, is gevind dat sommige anti-oksidante, ander polifenols en phytoestrogene dus PhytoChemiese stowwe is en dat ander glad nie in een van die kategorieë val nie. Dit is baie belangrik dat ons besef dat die anti-kanker effek van die 'produk' gesetel is in die metaboliese effek wat dit op die CYP1B1 ensiem het. Dit is deur hierdie metabolisme dat die ensiem omskakel in 'n anti-kanker agent wat dan die kanker sel vernietig.

Sodra mens te wete kom van die bestaan van die meganisme, ontstaan die vraag "Hoekom neem kanker dan so toe en is die prognose sleg vir die persoon, as die natuur voorsien in iets wat dit kan beheer?"

Die volgende faktore is van belang;

Daar is ’n ernstige vermindering van die natuurlike plant ‘produk’ in ons dieet. Vanuit verslae van die World Health Organisation is dit duidelik dat kanker meer toeneem in die ontwikkelde wêreld as in die ontwikkelde dele. Daaruit kan ons aflei dat dieet tog ’n rol speel.

Die blootstelling van die ZYP1B1 ensiem aan die inhibeerders in voeding veroorsaak dat die natuurlike plant ’produk’ dit nie kan metaboliseer nie.

Moderne boerdery praktyke : - Groot aanplantings kan deur besmetting van swamme of fungus totaal vernietig word. Gevolglik word dit bespuit om voorkomend op te tree. Plante is geskape met ’n natuurlike meganisme tot eie beskerming. Die voorkomende maatreëls wat ons toepas, maak dat die plant nie meer ’n sein ontvang om sy eie ‘produk’ te maak vir beskerming nie. (Magee, JB, et al,. 2002). Daarom is dit nie meer in ons voedsel nie.

Om die heel organiese vrug te gebruik is van nog groter belang omdat die ‘produk’ meer voorkom in die skil van die vrugte en wortels van groente soorte.

Ook is gevind dat die ‘produk’ slegs laat in die natuurlike rypwording proses gevorm word. Weens afstand van lewering aan markte is die oes van produk in hierdie ryp stadium nie moontlik nie, dus word produkte voor natuurlike rypwording geoes voordat vorming van ‘produk’ moontlik was.

Nuwer variëteite en geneties gemanipuleerde plant soorte vervaardig baie min indien wel enige van die produk omdat dit afhanklik is van die mens.

Hierdie produk het meesal ’n bitter en skerp smaak en ons word meer geïndoktrineer vir soet is lekker.

Baie mense en selfs mense in die siekte bedryf sien nie voedsel as ’n manier om jou gesondheid te onderhou nie. Maar navorsing ontbloot al meer en gee waarde aan wat geskryf staan in ***1 Kor. 1 v [27]maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam; [28]en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak, [29]sodat geen vlees voor Hom sou roem nie.***

Die Here het alles in die natuur voorsien dit neem net lank om dinge te ontdek maar nog langer vir die mens om dit te glo net jammer party glo nooit. (C M)